Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 16 OKTOBER 2013 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl C H H Hunsinger
Rdl M van Zyl
Rdl W Wilskut

Ander raadslede:
Rdh N J A Rust

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Rdh N J A Rust open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter. 'n Mosie van medelye word geopper jeens rdl R F van der Westhuizen met die afsterwe van sy vader.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl R F van der Westhuizen.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 11 SEPTEMBER 2013

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 11 September 2013 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU 9 OKTOBER 2013

[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5./...

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 9 OKTOBER 2013

5.1.1 ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig, onderhewig aan die volgende wysiging:

ITEM 6.3: AANSOEK OM AFWYKING OP ERF 1179, YZERFONTEIN (15/3/4-14) (WYK 5)

'n Aansoek is ontvang vir 'n afwyking op 'n gedeelte van erf 1179 (groot ±190m²), geleë te Lutie Katzweg, Yzerfontein ten einde 'n onthaalfasiliteit vir troues te bedryf.

'n Bespreking volg aangaande die goedkeuring van die standaard skemaregulasies wat eersdaags verwag word, sowel as die voorgenome vervanging van die *Land Use Planning Ordinance, Ordinance 15 of 1985* (LUPO) deur die *Land Use Planning Act* (LUPA) wat moontlik 'n invloed op die besluit mag hê.

Rdl C H H Hunsinger noem dat daarteen gewaak moet word dat die besluit nie 'n implikasie op toekomstige aansoeke mag hê nie, en dat daar dus nie 'n presedent geskep word nie.

BESLUIT

Dat die aansoek terugverwys word vir verdere ondersoek deur die Departement: Ontwikkelingsdienste.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

7. NUWE SAKE

7.1 VERSLAG AANGAANDE DIE UITVOERING VAN DIE VOORSIENINGS-KANAALBESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE 1 JULIE TOT 30 SEPTEMBER 2013 (8/1/B/2)

Die *Supply Chain Management-Regulation,* artikel 6(3) bepaal dat daar op 'n kwartaallikse basis verslag gedoen moet word aan die Uitvoerende Burgemeester aangaande die werksaamhede van die betrokke afdeling.

BESLUIT

Dat daar kennis geneem word van die kwartaallikse verslag van 1 Julie tot 30 September 2013 van die *Supply Chain Management Policy* se implementering wat ingevolge artikel 6(3) van die Regulasies voorgelê moet word.

7.2 AANSOEK OM GOEDKEURING VAN SIEKVERLOF: MUNISIPALE BESTUURDER (P; 4/8/3)

Die Munisipale Bestuurder se verlof, hetsy vakansie- of siekverlof moet deur die Uitvoerende Burgemeester (in oorleg met die Uitvoerende Burgemeesterskomitee) oorweeg word.

BESLUIT

Dat die aansoek om siekverlof op 27 September 2013, goedgekeur word.

7.3 VOORGESTELDE WYSIGINGS AAN DIE ORGANISATORIESE STRUKTUUR (2/3)

Dit is ingevolge artikel 66 van die Munisipale Stelsels Wysigingswet van 2011 die verantwoordelikheid van die munisipale bestuurder om 'n organisatoriese struktuur te ontwikkel vir goedkeuring deur die munisipale raad.

Die voorgestelde wysigings aan die organisatoriese struktuur soos volledig toegelig in die verslag is aan die Arbeidsverhoudingeforum voorgelê en word vervolgens aanbeveel vir goedkeuring.

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte organisatoriese struktuur aanbeveel vir goedkeuring deur die Raad.

7.4 HERSIENING VAN DIE PRIVAATWERKBELEID EN DIE STUDIEBEURSBELEID (4/6/B, 4/8/B)

'n Proses om verskeie personeelbeleide te hersien is sedert Mei 2013 aan die gang. Die Privaatwerkbeleid is bygewerk om voorsiening te maak vir die maandelikse rapportering aan bestuur en dat goedkeuring teruggetrek mag word as werknemers versuim om dit te doen.

Die Studiebeursbeleid is hersien ten einde aanbevelings van die Interne Ouditeur en SALGA in ag te neem om te verseker dat alle wetlike voorskrifte nagekom word. Die terugwerkperiode na voltooiing van 'n kwalifikasie is ook aangepas.

Die betrokke beleide en voorgestelde wysigings is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(a) Dat daar met kommer kennis geneem word van SAMWU se onbetrokkenheid by die proses en dat die werkgewer se misnoeë hieromtrent skriftelik met SAMWU gekommunikeer word;

(b) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte gewysigde Privaat-werkbeleid goedkeur vir implementering met ingang van 1 November 2013;

(c) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte hersiende Studiebeursbeleid goedkeur vir implementering met ingang van 1 November 2013.

7.5 VOORGESTELDE UITBREIDING VAN BESTAANDE HUUROOREENKOMS MET DIE YZERFONTEIN ONTSPANNINGSKLUB VIR DIE DAARSTEL VAN ADDISIONELE PARKERING (K2/1/2; 17/9/2/2/2-14)

'n Gedeelte grond, groot ±1,2 hektaar, word sedert 1 Junie 2005 aan die Yzerfontein

Ontspanningsklub verhuur teen R20,00 per jaar. 'n Klubhuis en sekere sportgeriewe is op die terrein aangebring.

'n Aansoek/...

7.5/...

'n Aansoek is vanaf die klub ontvang om 'n gedeelte grond, groot ±440m², addisioneel tot die verhuurder terrein te bekom om die bestaande parkeerarea uit te brei. Die voorneme is om die grond-oppervlakte mettertyd te versterk (en dalk te teer) en om die area (soos die res van die terrein) met 'n 'precast' muur te omhein.

BESLUIT

(a) Dat goedkeuring verleen word dat die gedeelte grond, groot ± 440 m², geleë ten weste en aanliggend tot die gedeelte grond wat tans aan die Yzerfontein Ontspanningsklub verhuur word, per addendum ingesluit word tot die bestaande huurooreenkoms met die klub, onderhewig aan dieselfde voorwaardes daarin, met dien verstande:

(i) dat die voormelde gedeelte uitsluitlik vir parkeerdoeleindes aangewend mag word;
(ii) dat geen nuwe toegange vanuit Buitenkantstraat tot die terrein geskep mag word nie;

(b) Dat die huurder met die Yzerfontein Bewarea oorleg sal pleeg oor die aanbring van inheemse bome langs die grense van die beplande uitbreiding;

(c) Dat die voorneme van die Raad aan die betrokke wykskomitee bekend gemaak word asook in die media geadverteer word vir publieke kommentaar, in terme van sy Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom.

7.6 VOORGESTELDE VERKOOP VAN KERKPERSEEL: ERF 7471, MALMESBURY (12/2/5/2-8/4)

Erf 7471 (groot 2225m²), geleë op die h/v Nerina- en Omegastraat, Wesbank, Malmesbury is op 12 Oktober 2000 aan die Charismata Geloofsending Internasionaal-gemeente verkoop. Die koopooreenkoms het 'n bouklousule bevat wat bepaal dat 'n gebou binne drie jaar vanaf datum van koop, op die betrokke eiendom opgerig moet word.

Voormelde gemeente het ondertussen 'n eiendom vanaf die Jehova Getuies Kerkgenootskap aangekoop vanwaar hulle kerkaktiwiteite nou bedryf word.

'n Aansoek is vanaf die Charismata Geloofsending Internasionaal ontvang om erf 7471 aan 'n kerkgenootskap by name, House of Prayer te vervreem vir kerkdoeleindes.

BESLUIT

Dat die item terugverwys word.

7.7 AANSOEK OM GEBRUIK VAN VRAGHOUER TE ABBOTSDALE (17/9/1/3)

'n Aansoek is vanaf die Abbotsdale Youth Klub ontvang vir die gratis benutting van die Abbotsdale Gemeenskapsaal, sowel as die skeepshouer op dieselfde perseel.

Die doel van die aansoek is om 'n veilige plek te kry vanwaar hul weekliks hulle naskoolse jeugaktiwiteite en programme kan bedryf.

Die aansoek het ook voor die Bestuurspan gedien, en word die gratis beskikbaarstelling van die Abbotsdale Gemeenskapsaal nie as wenslik geag nie. Die rede hiervoor is dat die

primêre doel van die Raad se sale is om gemeenskapsaktiwiteite teen betaling van die voorgeskrewe tarief te akkommodeer.

BESLUIT

(a) Dat die vraghouers geleë op erf 213, Abbotsdale aan die Abbotsdale Youth Club verhuur word ter uitvoering van hul jeugprogramme vir 'n termyn wat nie twaalf (12) maande oorskry nie;

7.7/...

(b) Dat nominale huurgeld van R10,00 plus BTW per maand gehef word;

(c) Dat 'n huurooreenkoms met die klub gesluit word;

(d) Dat opdrag aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste gegee word om 'n verslag vir die periode van die huurtermyn voor te berei aangaande die aktiwiteite van die jeugklub, sowel as hoeveelheid jeug bedien, welke verslag tesame met die oorweging van die hernuwing van die huurooreenkoms, voorgelê sal word.

7.8 AANSOEK OM AFSTANDDOENING VAN OPSIE OM TERUG TE KOOP: ERF 978, DARLING (12/2/5/2-3/2)

[Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha verlaat die lokaal vir die duur van die bespreking.]

Imandi Investments 50 cc het erf 978, Darling (groot 9146m²) in 2008 per publieke tender van die Raad aangekoop teen die koopprys van R101 100,00.

Die ontwikkeling het om ekonomiese redes nooit gerealiseer nie en is die eienaars nou van voorneme om die eiendom te verkoop.

Die titelakte bepaal dat die Raad 'n opsie het om die eiendom teen die oorspronklike koopprys terug te koop.

Die eienaars het per skrywe gedateer 4 Oktober 2013 versoek dat die Raad afstand doen van sy opsie om die erf terug te koop, ten einde hulle in staat te stel om die eiendom te verkoop. Die voornemende koper beplan om 'n opleidingsentrum op te rig waar plaaslike mense opgelei kan word in die boubedryf, sowel as in die verkoeling- en elektriese bedryf.

BESLUIT

(a) Dat die Raad afstand doen van sy opsie om erf 978, Darling teen die oorspronklike koopprys terug te koop;

(b) Dat die toekomstige eienaar(s) sal voldoen aan die ontwikkelingsvoorwaardes soos vervat in die koopooreenkoms van erf 978, Darling, en verder moet kennis neem dat die voorgestelde grondgebruiksaamwending tans nie versoenbaar is met huidige sonering van die eiendom vir nywerheidsdoeleindes nie.

7.9 HUUR VAN SERWITUUT REG-VAN-WEG OOR ERF 147, RIEBEEK-KASTEEL (12/2/4-11/1)

Die Raad verhuur 'n klein gedeelte van erf 147, Riebeek-Kasteel as 'n reg-van-weg toegang aan die De La Plaine Trust om toegang tot hul eiendom op erf 148 te verkry.

Die eiendom het ondertussen van eienaar verwissel en is 'n aansoek ontvang van die nuwe eienaars, The Little Mayne Trust, om die gedeelte grond vir 'n termyn van tien jaar te huur as toegang tot die eiendom.

BESLUIT

(a) Dat die huurooreenkoms met De La Plaine Trust vir die huur van gedeelte van erf

147, Riebeek-Kasteel as toegang tot erf 148, m.i.v. 1 November 2013 opgeskort word;

(b) Dat 'n nuwe ooreenkoms met The Little Mayne Trust aangegaan word met ingang van 1 November 2013, vir die huur van die gedeelte van erf 147, Riebeek-Kasteel as reg-van-weg toegang tot erf 148, vir 'n termyn van tien (10) jaar;

(c) Dat huurgeld vasgestel word op R100,00 plus BTW per jaar;

7.9/...

(d) Dat die Raad se voorneme in die plaaslike pers bekend gemaak word vir moontlike kommentaar;

(e) Dat die huurder verantwoordelik sal wees vir die betaal van advertensiekostes wat hieruit mag voortspruit.

7.10 HUUR VAN BUITEGEBOU OP ERF 3432, MOORREESBURG (12/1/3/1-9/1)

Die buitegebou op erf 3432, Moorreesburg word verhuur aan die aangrensende eienaar van erf 3961, mnr J C Carstens, vir stoordoeleindes. Die huurtermyn verstryk op 31 Augustus 2014.

'n Skrywe is ontvang vanaf mnr Carstens waarin die Raad meegedeel word dat erf 3961 verkoop is, en dat die huur van die buitegebou op erf 3432 gevolglik opgesê word.

Die nuwe eienaars van erf 3961 stel ook belang om die buitegebou op erf 3432 van die Raad vir stoordoeleindes te huur.

BESLUIT

Dat die item terugverwys word om geleentheid te gee vir die uitvoering van 'n ter plaatse inspeksie.

7.11 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: WETSTOEPASSINGSOPLEIDING VIR WETSTOEPASSINGSBEAMPTES EN RESERVISTE (8/2/2/1)

Opleiding is vanaf 30 September tot 4 Oktober 2013 verskaf aan 'n groep van 20 persone, waarvan 4 persone as reserviste en 16 persone as wetstoepassingsbeamptes opgelei is.

Die Nelson Mandela Metropolitan Universiteit is die enigste diensverskaffer wat die opleiding in wetstoepassing vir munisipale amptenare kan aanbied, en is daar derhalwe van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures afgewyk met die aanstelling van die diensverskaffer.

BESLUIT

(a) Dat kondonering verleen word vir afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures met die betaling van opleiding aan Nelson Mandela Metropolitan Universiteit ten bedrae van R60 276,00 (BTW ingesluit), soos volledig toegelig en vir die redes soos aangetoon in die aanhangsel tot die verslag;

(b) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van klousule 36(2) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om die gemelde redes as nota by die 2013/2014 finansiële state in te sluit wanneer die betrokke state opgestel word;

(c) Dat die uitgawe verreken word teen posnommer 11-48-52-00-3428.

7.12 UITSTAANDE DEBITEURE: SEPTEMBER 2013 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van September 2013.

7.13 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer;

(b) Dat die bywoning van die bate- en vlootbestuursvergaderings verpligtend is vir alle departementshoofde;

(c) Dat kennis geneem word dat 'n konsep Derdeparty-Eisebeleid opgestel is, en aan die bestuurspan vir oorweging voorgelê sal word;

(d) Dat (op versoek van die Uitvoerende Burgemeester) daar rekord gehou word van die dienslewering deur AON, en dat die tendervereistes en evalueringskriteria ten opsigte van versekeraars in die toekoms so opgestel word dat 'n vorige rekord van swak dienslewering die tender kan diskwalifiseer.

7.14 KONSEP FINANSIËLE STATE 2012/2013 (5/1/2-2012/2013)

'n Opsomming van die konsep finansiële state vir 2012/2013 is in die verslag tot die sakelys toegelig, met spesifieke verwysing na die onderskeie bydraes, ongemagtigde uitgawes, en wat hiertoe bygedra het.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die ongeouditeerde Finansiële State vir die 2012/2013 finansiële jaar;

(b) Dat die bydraes vir 2012/2013 soos volg goedgekeur word:

Kapitaalvervangingsfonds:	R 24 546 084
Voosiening vir slegte skuld:	R 1 259 585
Verlofgratifikasie:	R 601 749
Voorsiening vir langdiensbonus:	R 3 122 874
Voorsiening vir na-aftrede:	R 10 956 679

(c) Dat die onderstaande ongemagtigde uitgawes verwys word na die aansuiweringsbegroting van 2013/2014 vir goedkeuring ingevolge artikel 32 van die MFMA;

<u>Ongemagtigde Uitgawes: Kapitaal</u> – Die kaptaalbegroting was oorgespandeer met R 1 216 172 as gevolg van die lenings koste op die Malmesbury Rioolwerke vir die betrokke jaar.

<u>Ongemagtigde Uitgawes: Bedryf</u> – die bedryfsbegroting was oorgespandeer met R 6 578 523 hoofsaaklik weens waardevermindering en die toename in die waarde van die na-aftrede medieseonds voordele wat lei tot die toename in die

bydrae tot die voorsiening wat meer is as die bedrae wat begroot was. Die begroting vir na-aftrede mediese-fonds voordele is gebaseer op die vorige jaar se aktuariële berekenings.

Die oorspanderings in die verskillende afdelings was as volg:

(i)	Civil Services: Administration	R 153 936
(ii)	Municipal Property Maintenance	R 2 830 752
(iii)	Sports grounds	R 1 500 197
(iv)	Libraries	R 167 739
(v)	Marketing And Tourism	R 93 932
(vi)	Town And Community Halls	R 28 805

7.14(c)/...

(vii)	Grants And Subsidies	R 1 350
(viii)	Stores And Purchasing	R 34 429
(ix)	Development Services: Administration	R 349 144
(x)	Community Development	R 13 208
(xi)	Building Control	R 124 980
(xii)	Housing	R 123 524
(xiii)	Occupational Health and Safety	R 115 716
(xiv)	Municipal Manager Administration	R 49 805
(xv)	Protection Services: Administration	R 16 895
(xvi)	Licensing and Traffic services	R 974 111
		R 6 578 523

7.15 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTEL VAN DRYWENDE BELUGTER (16/3/1/5)

'n Belugter is 'n kritiese toerusting by 'n rioolsuiweringsaanleg, aangesien die suiweringsproses afhanklik is van suurstof.

Een van die biologiese reaktors by die Malmesbury rioolsuiweringswerke beskik oor 4 drywende belugters. Die ratkas van een van die belugters het onklaar geraak en moes die herstel hiervan dringend uitgevoer word. Inenzo Water het aanvanklik die belugter voorsien en beskik oor die vaardigheid en toerusting om die herstelwerk uit te kon voer.

BESLUIT

(a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word vir die herstel van die drywende belugter en wel om die volgende rede:

- *dat die herstelwerk as 'n noodgeval uitgevoer moes word, aangesien die drywende belugter 'n kritiese komponent van die rioolwerke is en die rioolwerke nie die riool voldoende kan suiwer sonder die belugter nie;*

(b) Dat kennis geneem word dat, uit hoofde van voormelde rede die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen het dat die herstelwerk deur Inenzo Water teen 'n bedrag van R69 645,25 (BTW uitgesluit) uitgevoer word, en die handeling dienooreenkomstig gekondoneer word;

(c) Dat die uitgawe teen posnommer 59-76-30-00-0312 verreken word;

(d) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsienings-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.16 OPGRADERING VAN BOKOMO/HOOFSTRAAT INTERSEKSIE, MALMESBURY (5/6/1/1/2)

Die grootskaalse opgraderings deur Sasko aan hulle aanleg, sowel as die noodsaaklikheid

om toegangsbeheer uit Bokomoweg te verbeter, noodsaak 'n verkeerslig by die interseksie van Bokomoweg en Hoofstraat.

Die Munisipale Bestuurder gee agtergrond aangaande die dringendheid van die projek, sowel as aangaande samesprekings met Sasko in hierdie verband.

BESLUIT

(a) Dat daar kennis geneem word van die agtergrond waarteen hierdie verwikkeling plaasgevind het, synde dat SASKO bekommerd was dat hulle nie die uitgawe van R860 000,00 vir die robot voor die einde van hulle finansiële jaar, synde September 2013 gespandeer sal kry indien daar volhard word met die standpunt (vanaf Swartland Munisipaliteit) dat die robot en laagwerke onlosmaaklik van mekaar is nie;

7.16/...

(b) Dat die volgende handelinge van die Munisipale Bestuurder, van kennis geneem word en gekondoneer word in 'n poging om die probleem op te los en om die robot deur SASKO betaal te kry voor 30 September 2013 weens die risiko dat voormelde fondse verlore sal wees in hulle (SASKO) se nuwe finansiële jaar, synde met ingang van 1 Oktober 2013:

(1) Swartland Munisipaliteit, ten aansien van die laagwerke – welke uitgawe op 20 Augustus 2013 in die omgewing van R500 000,00 was – bereid was om die uitgawe te oorbrug, onderhewig daaraan dat voormelde uitgawe teen die 75% van SASKO se R6 mil bydrae tot die opgradering van Bokomoweg of Swartland Munisipaliteit se 25% bydrae van die R6 mil verreken word;

(2) Dat die wysigings van befondsing in hierdie verband tydens die Januarie 2014 Aansuiweringsbegroting reggestel word;

(3) Dat 'n aparte posnommer vir hierdie doel deur die Direkteur Finansiële Dienste voorsien sal word;

(c) Dat volmag aan die Munisipale Bestuurder verleen word om die ooreenkoms wat met SASKO aangegaan is, te wysig om vir voormelde wysigings, sowel as die eindresultaat van die impak en omvang van die N7-Bokomoweg kruisings se opgradering ten einde te verseker dat SASKO se bydrae optimaal aangewend word om die verkeersprobleem in Bokomoweg of die omgewing te verlig;

(d) Dat daar verder kennis geneem en dienooreenkomstig goedkeuring verleen word dat die laagwerke op die hoek van Bokomoweg en Hoogstraat departementeel gedoen gaan word teen 'n koste van R795 744.03 (BTW uitgesluit) teenoor die uitgekontrakteerde prys van R1 187 074,00 (BTW ingesluit);

(e) Dat hierdie projek deel gemaak word van die SDBIP monitering aangesien dit tydens die aansuiweringsbegroting ter tafel gelê sal word.

7.17 BEGROTING VAN UITGAWES AAN HOOFPAAIE: 2014/2015 FINANSIËLE JAAR (5/6/1/1/2)

Die verwagte uitgawes aan provinsiale hoofpaaie in die munisipale gebied word jaarliks aan die Distrikspadingenieur deurgegee. Die lys van verwagte uitgawes is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die begroting van uitgawes aan provinsiale hoofpaaie vir die 2014/2015 finansiële jaar goedkeur;

(b) Dat (op versoek van die Uitvoerende Burgemeester) daar jaarliks tydens die

goedkeuring van die konsepbegroting in Maart, ook 'n meerjarige begroting insake die voorgestelde uitgawes aan hoofpaaie ter tafel gelê word, ten einde –

(i) rekening te hou van die 20% bydrae wat deur die munisipalieit gelewer moet word;
(ii) groter druk op Provinsie uit te oefen.

7.18 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: AANSTEL VAN PROFESSOR DE WET SCHUTTE (2/1/4/4/1)

Professor De Wet Schutte, alleeneienaar van Unisearch, help Swartland Munisipaliteit met die publieke meningsopnameproses wat gedurende Oktober 2013 sal plaasvind. Sy assessering en prioritisering van behoeftes in gemeenskappe sal volgens die Schutte-model gedoen word.

Die voorgestelde/...

7.18/...

Die voorgestelde aanwending van sy metode is om data wetenskaplik te verkry deur middel van die proses van openbare deelname in die GOP wat sodoende die vlak van deelname in die gemeenskap sal verhoog.

BESLUIT

(a) Dat Professor de Wet Schutte van Unisearch aangestel word vir die bedrag van R234 600,00 (BTW uitgesluit – nie vir BTW geregistreer nie) word om 'n gespesialiseerde meningsopname in Swartland te doen;

(b) Dat daar in terme van paragraaf 36(1)(a)(ii) van die Voorsieningskanaal-bestuursbeleid se voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word, aangesien daar gebruik gemaak word van die Schutte-model en veral die Schutte-skaal wat deur prof Schutte gepatenteer is;

(c) Dat die uitgawe teen posnommer 05-12-52-00-2693 verreken word;

(d) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsienings-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.19 VOORGESTELDE STRAATNAME VIR HOOF TOEGANGSPAD NA KLIPFONTEIN ONTWIKKELING, MALMESBURY (16/5/6)

'n Aansoek is ontvang aangaande die voorgestelde straatname vir hoof toegangspaaie tot die Klipfontein-ontwikkeling.

BESLUIT

Dat die voorgestelde straatname goedgekeur word vir registrasie by die Kantoor van die Landmeter-Generaal, soos volg:

(a) Klipfonteinrylaan/Drive; en
(b) Myrtledenerylaan/Drive.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER